A letter has just been received from Elder Anderson from which we quote the following:

We have not had a large attendance at the Musofu Mission but the interest has been good. Brother John Cooks and I have had all the meetings between us. Brother Hiten and Pastor Moyo have been at Mushila for a camp-meeting there this week. We expect them back here tonight and at six o’clock in the morning we will be off for Ndola for the Harvest Ingathering there. We have agreed for me to stop there and work Ndola and the others will go on at once to Nkana and the other copper mines. I will be in Ndola for four days and that will give me plenty of time to work the town. Then on Thursday night I will be off for Elisabethville and the meetings in the Congo.

The baptisms here number twenty-one and nine more joined the hearers’ class at the time of the camp-meeting. This makes a total of five hundred and ninety baptised along the railway line and we still have those who are to be baptised today at Mushila to add to this. They will baptise very close on a thousand in the Northern Rhodesia field this year.

Here, too, we have urged them to get

out into evangelism and they have agreed that next week they will send out eight evangelistic companies from here on a six weeks’ campaign. That makes in all eighty-three companies that were to be sent out along the railway line and then we must add to that number those who go out from Mushila. I believe, from what I have seen along the railway line, that we will add another three thousand to the members of the hearers’ classes during the present year. Then when they add another thousand along the Zambesi above the Falls there will be four thousand new Sabbath keepers in this land this year. They can easily do it and they seem to be very enthusiastic about it and are going after it in earnest. The people are calling for us all over the country and why not answer these calls and get the work done?

When we were in Lusaka, the District Commissioner said he had a call from a chief down on the Kafui River near where it flows into the Zambesi. No missionaries are there and this chief asks for help. The Commissioner has invited us to answer this call.

We sent Andrew from Sala down there to see the chief and see what the prospects are and then he will report to the office as soon as he returns from the trip and then they will decide what can be done for them.

They are re-opening the work in a strong way down along the Zambesi where we were so many years ago and they report good success in the starting of the efforts among the people. We must push down there and get the work started again. The people have not forgotten us and they still want to belong to us and now they are being reclaimed. I must close now and get ready for the meeting when we take the offering. I had some opposition yesterday from a Watch Tower man in the meeting when I preached on the Tithes. He said all the people in Africa are too poor to pay tithes and we ought not to expect it of them. Well he ought to tell that to the Lord for the Lord says tithes from all and if the Lord made a mistake then it is for Him to correct it and not for us to do so.

Uitgewers Dept.

F. E. Potter, *Sekretaris*

Wie is Wie in die Leesstof-bediening

No. 1.—David D. Toerien

BROEDER TOERIEN het in 1923 in die kolporteurwerk van die Kaapse Konferensie gegaan, en het sedert daardie tyd daarmee volgehou. Gedurende sy dertien jaar diens het hy baie interessante ondervindings ge-

had—die grootste gedeelte waarvan aangenaam was, maar sommige was onaangeneem en moeilik. Hy het in die wonings van alle klasse in die Kaapland sowat vyfduisend vyfhonderd boeke geplaas—meeste groot boeke.

Gedurende sy dienstryd in die leesstofbediening, en bygestaan deur Suster Toerien, het hy ’n steeds toenemende kroos—nou al sewe—onderhou. Twee van hulle, Robert en Ruth is tans op Helderberg Kollege.

Die Here het die werk van hierdie getroue broeder op ’n wonderbaarlike wyse geseën, en ’n hele aantal siele is tot ’n kennis van die waarheid gebring deur middel van die leesstof wat hy versprei het.

Broeder Toerien se liefde vir hierdie belangrike tak van die Here se werk is groter as ooit, en sy geloof in die evangeliserende krag daarvan neem met die jare toe. Hy is voornemens om, deur Gods genade, sy hele lewe aan die werk te bestee.

Mag die Here aanhou om hierdie geharde krygskneg van Hom te seën.

F. E. POTTER.

✻ ✻

Die Here Bewaar Ons Boeke

JARE gelede het ’n kolporteur in die staat van Ohio ’n boek verkoop wat die waarheid bevat het. Hierdie boek het later ’n buitelandse sendeling geword wat baie siele vir die Here gewin het. Die verhaal lui as volg:

„’n Kolporteur het jare gelede in Ohio, V. S. A., ’n boek aan ’n Belgiese gesin verkoop. Hulle het gedag dat dit ’n Katolieke boek was, maar toe hulle vind dat dit nie die geval was nie, het hulle die boek op die rak gebêre. Later, naby Krismis, het hulle besluit om presente na België te stuur, en die gedagte het by hulle opgekom: „Waarom nie daardie boek nie? Dis ’n mooi boek en in die Franse taal.” Toe die man aan wie die boek gestuur was dit ontvang en ontdek dat dit ’n Protestantse boek is het hy gesê, „Daar is seker ’n fout,” en hy het ook die boek op die rak gesit en het geen plan gehad om dit ooit te lees nie.

„In daardie huisgesin was daar ’n seun van omtrent veertien jaar oud wat graag iets wou gehad het om te lees, of dit nou Katolieke leesstof was of nie—dit was vir hom ’n onverskillige saak.

Hy het die boek geneem, twee of drie-maal deurgelees, en eindelijk besluit om sy hart aan die Here te gee. Hy het sy ouers daarvan vertel, met die gevolg dat hy die huis moes verlaat. Hy het gehoor van ’n skole in Frankryk, en hulle het hom daar opgeneem. Na hy met sy opleiding klaar is het hy in die organisasie werk gekry, en later as sendeling na Afrika gegaan. Daar het hy gewerk en vandag het Broeder Delhove baie mense wat hulle in die waarheid verbly.

✻ ✻

„DIE duiwel skud nooit dorre bome nie.”

'n Ope Brief van die Divisie President

20 Augustus 1936.

GEAGTE BROEDERS EN SUSTERS,

Na etlike maande se afwesigheid uit die Divisie, is dit vir my 'n groot vreugde om weer tuis te wees by my dierbares, en ook om die werkers en gelowiges hier aan die Kaap weer 'n handdruk te gee. Nou wil ek graag aan u groete stuur deur middel van die OUTLOOK.

Vergun my om eerste van alles die groetnis aan u oor te bring van die broeders en susters wat ek op verskillende plekke ontmoet het op weg na die Wêreld Konferensie. Ek het die voorreg gehad om werkers en leke te ontmoet in Singapore, Manila, Hong Kong, Sjanghai, Honolulu en ander sentra. Orals waar ek groepe toegesprek het, of dit Indiërs, Chinese, Slamaïers, Filippios of ander mense was, het ek gevind dat hierdie boodskap hul harte saamgesnoer het in een geloof en hoop. Dit was verblydend om te vind dat hierdie liewe mense net sulke opregte Sewende-dag Adventiste is as ons hier in Suid-Afrika. Dit was regtig 'n plesier om hulle te ontmoet, en hulle het my versoek om hul Christelike liefde en groete oor te dra aan u hier in Afrika, met my terugkoms na hierdie Divisie.

Die Wêreldkonferensie was 'n ontsaglike byeenkoms. Dit was besielend om daeliks duisende Adventiste gelowiges byeen te sien, en ook om so baie afgevaardigdes uit ander lande te ontmoet. Daar was 'n uitstekende gees op die konferensie. Van begin tot einde was daar eensgesindheid; daar was nooit een enkele geval van ontevredenheid teëgekome nie. Die verkiesing van beamptes het goed afgeloop, en almal is van die konferensie af weg, vol moed en met nuwe geloof. Ek kan eerlik uit grond van my hart sê dat ek nog nooit 'n aangename konferensie bygewoon het nie. Die Gees van die Here was daar kenlik teenwoordig en die invloed van hierdie konferensie sal oor die ganse aarde gevoel word. Ek is baie bly om hierdie goeie rapport aan u te kan bring.

Na afloop van hierdie belangrike konferensie het ek vier algemene vergaderings in Suidelike Kalifornië bygewoon. Die oë en die harte van die gelowiges daar is op Afrika gerig. Die toesprake wat ek daar gehou het oor die vooruitgang in Afrika het hul harte aangeraak. Die rolprente van ons werk wat ek daar vertoon het, het hulle beweeg tot 'n groter toewyding aan ons sendingprogram. Op elke diens het beide werkers en leke my versoek om u die verskering te gee dat hulle hart en siel met ons is in die voleindiging van die werk.

Wel, die broeders het dit goedgedink om my vir 'n verdere tydperk van vier jaar na Afrika terug te stuur. Ek is bly om in hierdie land terug te wees, en alles in my vermoë te doen, hoe swak die pogings ook mag wees, om die werk in hierdie land vooruit te help. U het my in die verlede met u liefde en gebede bygestaan, en

ek reken op u volle ondersteuning in die toekoms.

Daar ek nou weer tuis is, is ek voornemens om die saak van God in Afrika met nog groter getrouheid aan te pak. Ek weet dat ek op u ondersteuning kan reken om die werk te voleindig en die koms van Jesus te verhaas. Mag die Here ons, met hierdie doel voor oë, daeliks deur Sy genade, Sy krag en Sy Gees lei, is die bede van my hart.

Getrou u broeder in diens van die Meester,

J. F. WRIGHT.

N. T. Konferensie

A. N. Ingle President

P. W. Willmore Sekr.-Tes.

Bus 7768, Johannesburg, Tvl.

Waarom Ek nie . . .

A. N. INGLE

Ek was eers van plan om bo aan hierdie stuk te skrywe, „Waarom Ons Nie,” maar dit sal miskien beter wees as elkeen vir homself praat.

Waarom Ek nie die Skouburg en die Bioskoop Bywoon nie

Dit is nie omdat ek nie van toneelspeel of die rolprent hou nie. Die vernaamste rede waarom ek nie sulke plekke besoek nie is om die geselskap wat daar is en die invloed wat vandaar uitgaan. God word nie alleen daar gemis nie, maar die atmosfeer is bepaald vyandig teenoor Hom. Die atmosfeer word geskep sowel deur wat daar vertoon word as deur die mense wat die plekke besoek. Vyf-en-negentig persent, indien nie meer nie, verwerp Jesus as Here.

Watter invloed het dit op die akteurs self? As die karakter wat moet vertolk word die is van 'n onreine vrou, dan moet die rein vrou wat dit moet vertolk noodwendig onreine gedagtes hê en onrein voel, of sy sal nie die karakter op 'n suksesvolle wyse kan vertolk nie. Die nadeel van die prente, uit die oogpunt van die toeskouer, is dat hulle die onedele in die mens aanwakker. Hierdie twee nadele sal enige reggesinde en reinhartige persoon teen die skouburg of bioskoop laat besluit.

Nege-tiendes van die toneelstukke van vandag het 'n onsedelike strekking. Dit is nie sommer 'n bewering wat uit die lug gegryp is nie, maar dis die mening van een die vooraanstaande rolprentbestuurders, soos uit die volgende verklaring blyk: „Die vernaamste onderwerpe van vandag, soos nog altyd, is die passies van die mens — ambisie en jaloesie wat lei tot moord; wellus wat as gevolg het, owerspel en dood.”

Nog 'n bewys dat die skouburg die onedele passies van die mens opwek is die feit dat meisies, onbetaamlik gekleed, op

die verhoog verskyn. As mens die bestuurder die rede hiervoor vra dan kry jy net 'n veelseggende knik as antwoord.

Waarom Ek nie Kaart Speel nie

Kaartspel lei mens bepaald tot dobbelary en word daarmee geassosieer. Die kaarttafel word eens en vir altyd veroordeel omdat dit die vernaamste middel in die hand van die diuiwel is om mens tot dobbel te verlei. Ek beweer nie dat mens ook nie in verband met tennis, krieket of enige ander spel kan dobbel nie, maar die waarheid is dat dit byna nooit die geval is nie. Elke dobbelaar, elke dronkaard, elke dief, elke droster, elke bordeelbestuurder, en elke losbandige besit 'n pak kaarte. Dit is jammer om te sê, maar dis tog waar, dat nege-tiendes van die dobbelaars tuis leer kaartspel het. Sommige ouers laat hul kinders toe om tuis kaart te speel sodat hulle nie elders sal gaan nie. Dobbel is iets waarop mens versot raak, en jy mag net so lief sê ek sal my seun maar 'n bietjie whisky tuis gee om te verhoed dat hy dit op ander plekke gaan soek. John Quinn, 'n bekeerde dobbelaar het gesê dat kaartspel die kindertuin van die dobbelkamer is.

Waarom Ek nie Rook of Dans nie

Daar kan baie redes aangevoer word, maar hier is slegs 'n paar om oor na te dink. Dit is nie omdat die Bybel 'n spesifieke verbod daarop plaas nie. (1) Baie mense rook ten koste van hul huise. (2) Baie rook ten koste van hul gesondheid. (3) Baie doen dit ten koste van die offergawes wat hulle aan God verskuldig is. (4) En alle Christene rook tot nadeel van hul Christelike lewe.

Redes waarom ek nie dans nie is: (1) Dit stel my vry van onchristelike geselskap. (2) Ek hoef nie onnodig geld uit te gee nie. (3) Deur nie te dans nie stel ek nie my geestelike lewe in gevaar nie. (4) Dit vrywaar my van 'n verkeerde atmosfeer. (5) Deur nie te dans nie word ek bewaar van strikke wat die lewens van duisende jong manne en vroue verwoes het.

Die danssaal is 'n geestelike verdowingsmiddel. Dit stel die dood mooi voor en maak mens ligsinnig. Dit is deel van 'n Sataniese stelsel. Dit hou manne en vroue van die Here af weg en beroof hulle van 'n oorwinnende Christelike lewe. Myns insiens is daar meer as genoeg redes waarom mens nie behoort te rook of te dans nie, en daar kan miskien nog baie meer genoem word.

Die beginsel in hierdie verband word in 1 Kor. 6:12 neergelê: „Alles in my geoorloof, maar nie alles is nuttig nie.” En voeg nog Rom. 14:20 daarby dan sal u verstaan waarom ek nie hierdie dinge doen nie. Die een-en-twintigste vers lui as volg: „Dit is goed om geen vleis te eet of wyn te drink of iets te doen waaroor jou broeder aanstoot neem of struikel, of waarin hy swak is nie.”

Mag die Here ons help om getrou te wees aan die beginsels wat ons bely en om dit in woord en daad uit te leef.

Waardering van Dienste by die Oesinsameling

A. FLOYD TARR

DIE Suid-Afrikaanse Unie wil graag elke werker en kerklid hartlik bedank vir die dienste wat hulle bewys het in die 1936 Oesinsameling Veldtog. Of dit nou 'n groot of klein bedrag was—almal het gehelp om die pragtige som van £7,000 in die Unie in te samel. Ons verwag dat die S. A. Unie alleen, as al die fondse geïn is, die doelpunt van die hele Divisie met byna £2,000 sal oortref.

Ons dink veral aan diegene wat huiwerig was en teruggedreins het, maar wat weens hul lojaliteit, en liefde vir die werk gedwonge gevoel het om hul deel te doen. Ons dink ook aan diegene wat weens gesondheidstoestande of huislike omstandighede wettige verskoning gehad het, maar wat nogtans nie geskroom het om uit te gaan nie.

Die werkkragte in die verskillende velde was hierdie jaar deur hul leiers voorgaang. Nie een het uitvoerende, herderlike, of departementele pligte hulle laat terughou van persoonlike aktiewe diens nie. Die groot sukses wat die veldtog bekroon het, is in 'n groot mate toe te skrywe aan die feit dat die leiers gelei het. Leraar A. N. Ingle van die Natal-Transvaal Konferensie, Leraar W. H. Hurlow van die Kaapse Konferensie, Leraar J. N. de Beer van die Kaapse Veld, Leraar L. S. Billes van die Noordelike Bantoe Sending, en Leraar G. S. Stevenson van die Suidelike Bantoe Sending was die eerste in hul verskillende velde om diens te aanvaar; en saam met hulle was daar 'n menigte onselfsugtige, energieke, selfopofferende gelowiges, gedetermineerd dat hul aandeel in die veldtog 'n bewys sal wees van hul liefde en ywer vir die waarheid.

Wat anders kon ons verwag van sulke diens deur sulke werkers as die skitterende sukses wat ons pogings bekroon het?

Nogeens sê ons hartlik dank aan elkeen van u vir u aandeel in ons groot sukses.

❁ ❁

Gebedsverhoring

P. J. V. D. MERWE

„En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in My Naam sal hulle duiwels uitdryf, met nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.” Markus 16: 17, 18.

Hierdie woorde van Jesus het dieselfde betekenis in ons dae as in die dae van die apostels. Nog onlangs was Broeder Olivier van Parys op 'n wonderbaarlike wyse genees van kanker. Hierdie broeder was vir 'n geruime tyd al bekend met die waarheid, maar daar hy 'n betrekking in die spoorwegdiens beklee het kon hy nie die Sabbat hou nie.

Na 'n tyd het hy siek geword. Gedurende sy siekte het 'n hele aantal dokters hom ondersoek, en vir nege weke was hy in die Bloemfonteinse hospitaal, waar die X-straal aan die lig gebring het dat hy kanker in die maag het—sowel sy vader en sy grootvader het aan hierdie kwaal beswyk. As gevolg hiervan was hy uit die spoorwegdiens ontslaan as medies ongeskik.

Broeder Olivier het nou die aangesig van die Here ernstig in gebed gesoek; hy het die gebooie gehoorsaam en was gedoopt. Vele gebede het in sy belang opgestyg tot die genadetroon. By die Port Elizabethse kampdienste was daar spesiaal vir hom gebed. Eindelik was die ouderlinge van die Paryse gemeente ingeroep, en hulle het die voorskrifte van die Here in Jakobus 5 nagekom. Dit was toe, sê Broeder Olivier, dat die Here hom genees het. Hy is vandag 'n gesonde man en verrig swaar hande arbeid. Hoewel hy sy betrekking op die spoorweë verloor het voorsien die Here in sy daelike behoeftes. Sy hart loop oor van lof en dankbaarheid tot God wat hom gewis genees het.

Broeder Olivier is tans 'n lewende getuie van die geneesende krag van God, en van die dinge wat Hy gereed is om te doen beide op geestelike en tydelike gebied vir diegene wat alles in hul vermoë doen om Sy gebooie te gehoorsaam.

Obituary

VAN DRUTEN.—John William van Druten was born January 31, 1873, at Ladybrand, O.F.S., and fell asleep in Jesus on June 24, 1936 at his home in Potchefstroom, Transvaal.

He is survived by his wife and faithful companion, four sons and five daughters, the eldest of whom is Sister Kriel of the Cape Town church, and four grand children to mourn their loss and revere his memory.

He was the eldest son of the late Brother G. J. van Druten who with Brother Peter Wessels was the first to accept the truth in this country. The marvellous story of the rise of the Message in South Africa will always be linked with the name Van Druten. His aged mother who is now in her 83rd year is a faithful witness of this message. He also has four brothers and four sisters who are still living.

He accepted the third angel's message at an early age and was baptised by Elder Boyd in Kimberley. He never wavered from the truth. His life was a living testimony of the principles which he believed. The early advent spirit burned in his soul to the end.

He lived successively at Wesselton, Kalkfontein, Kleinfontein, and Potchefstroom. He had lived at the last mentioned place for about four years enjoying fairly good health until the last six months of his life. During these months he had considerable suffering and finally spent three weeks in

the hospital. He returned home about a fortnight before his death. He was suffering from a strained heart and in the closing stages of his illness dropsy set in. He was conscious to the end and realised that he was about to fall asleep in Jesus. He was quite resigned and frequently quoted the encouraging words, "Blessed are they that die in the Lord."

The funeral service was conducted in the Seventh-day Adventist church and Brother B. P. de Beer officiated. Words of comfort were spoken to the bereaved who were pointed to Christ as the great Consoler.

W. LEROY HYATT.

Doodsberig

VENTER.—Susanna Salomina Aletta is op Sondag, 10 Augustus, in haar woonhuis op Potgietersrust oorlede in die hoë ouderdom van 76 jaar 11 maande en 10 dae.

Ons moeder Venter het byna twee jaar gelede die derde engel boodskap op Potgietersrust aangeneem. Onder die lede alhier was sy van die eerste wat uitgestaan het. Hoewel sy liggaamlik swak was weens ouderdom en siekte, het sy getrou gebly tot haar einde. Vir meer as 'n jaar het sy gely aan die water. Dikwels was haar liggaam so geswel dat sy onherkenbaar was, maar gedurig was haar vertroue in haar Verlosser.

Ons betuig ons innige simpatie met die enigste seun en sy gesin wat haar oorleef.

Die lyksrede was deur my in die Wesleyaanse kerk gehou. By die graf het die susters lied 43 in die Afrikaanse Liedboek gesing:

„Sal ons saamkom met die vrome?”

P. A. VENTER.

Wanted

By Adventist young lady. Position as nurse-companion to invalid lady or old couple. Apply OUTLOOK, Grove Avenue, Claremont, Cape.

The Southern African Division Outlook

Published semi-monthly by the General Conference of Seventh-day Adventists (Southern African Division)

Subscription price, 2/6 per annum

A. E. NELSON Editor
D. A. WEBSTER Asst. Editor
Grove Avenue, Claremont, Cape

SOUTHERN AFRICAN DIVISION OFFICERS—
J. F. Wright President
A. E. Nelson Treas. and Auditor
M. P. Robison Secy. and Ed. Secy.
L. L. Moffitt M. V. Secy. and S. S. Secy.
A. N. Tonge Medical Secy.
F. E. Potter H. M. and Field Miss. Secy.
J. I. Robison Religious Liberty Secy.

Harvest Ingathering 1936

Ladder of Progress

	GOAL £725	GOAL £140	GOAL £75	GOAL £75
Amount	Zambesi Union	S. E. African Union	Congo Union	Angola Union
£1,000				
900				
800				
700				
600				
500				
450				
400				
350				
300				
250				
200				
150				
100				
75				
70				
65				
60				
55				
50				
45				
40				
35				
30				
25				
20				
15				
10				
NORTHERN FIELDS' GOAL		£1,015		
Total to Date				

Appreciation of Harvest Ingathering Service

The South African Union wishes to express most hearty thanks to every worker and member who had a share in the 1936 Harvest Ingathering Campaign. Whether the amounts received were large or small, each one has helped to make up the magnificent sum of nearly £7,000 raised by the Union. By the time all the figures are available, we anticipate that the South African Union alone will have exceeded the goal for the entire Division by nearly £2,000.

We thank especially those whose timidity made them shrink from the task, but whose loyalty and love for the work impelled them to serve. We think, too, of those whose health or home conditions offered legitimate excuse for not going out but who went nevertheless.

The forces in the various fields were this year led by their leaders. No one had executive, pastoral or departmental responsibilities too great to permit of personal, active service. The unqualified success which has attended the campaign has been due in no small measure to this natural order of service, the leaders leading the way. Elder A. N. Ingle in the Natal-Transvaal Conference, Elder W. H. Hurlow in the Cape Conference, Elder J. N. de Beer in the Cape Field, Elder L. S. Billes in the North Bantu Mission Field, and Elder G. S. Stevenson in the South Bantu Field, were the first in their fields to step into service; and associated with them was a multitude of unselfish, energetic, self-forgetful believers, determined that their part in the Harvest Ingathering Campaign would be a reflection of their love and zeal for the truth.

From such service on the part of such believers, what less could we have expected than the success which has crowned our endeavours?

Once more we thank you — everyone of you — for your share in this success.

A. FLOYD TARR.

✻ ✻

Canvassers Wanted

WE are able to use a few consecrated young Adventists as colporteurs both young men and young women. The work is hard and oftentimes discouraging so only hard workers need apply.—Natal-Transvaal Conference Office, P.O. Box 7768, Johannesburg, Tvl.

✻ ✻

Wanted

A MOTOR driver with fair mechanical knowledge to drive transport lorry in Taungs district. Roads rough. Wage and board. Applicant must be Seventh-day Adventist. Apply "B" Motor Service, Taungs, B. B.